


# Moedersdag



Kopieer die patroon op dun karton. Gebruik 'n liniaal en stomp mes om die onderkant van die teepotjie in te keep.



Vou die karton op die lyn wat getrek is, m.a.w. die gediggie is nou aan die agterkant. Hou die kaartjie so gevou.



Knip om die buiterand van die teepotjie deur albei lae karton.



Kram die voor- en agterkant aan mekaar vas rondom die boepens van die teepotjie.




Laat die kinders hul name onder die gediggie skryf.



Pons blommetjies uit verskillende kleure dun karton of papier.



Gebruik die agterkant van 'n potlood om die blommetjies se kerns in jou handpalm in te druk. Dit maak dat die blaartjies opstaan.



Plak blommetjies op die teepotjie vas met koue lym in 'n "liner"- botteltjie met 'n fyn punt.



Versier die blomkerns met "glitter glue" of blink kamma-steentjies.



Sit 'n teesakkie in 'n "zip lock"-sakkie.



Vou die sakkie dubbeld en sit dit binne-in die teepot-kaartjie vir die mammas om te geniet.



'n Spesiale bederf vir Mamma!

In hierdie teepotjie se magie

Is 'n teesakkie met 'n vragie:

As Mamma tee drink, sal jy onthou:

Ek is baie, baie lief vir jou?!

**Gelukkige Moedersdag!**

